

Sages en Legendes

en ander lekker stories oor die PUK

Volume 1

deur

Piet van der Schyff



Uitgegee deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

© 2003

REDAKSIEKOMITEE

Proff PJJ Prinsloo (voorstiier), AL Combrink, DJ van Wyk, AJ Viljoen, PF van der Schyff
en mnr WC Windell

Kopiereg: © Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoér Onderwys

Buiteblad-ontwerp en uitleg deur Polar Design Solutions (Yzelle Viljoen)

Gedruk en gebind deur D.Com

Eerste uitgawe, eerste druk 2003

ISBN 1-86822-434-1



PIET VAN DER SCHYFF was vanaf 1958 tot 1963 as student en sedert 1971 as dosent, professor en departementshoof in Geskiedenis, universiteitsargivaris en geskiedskrywer verbonde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Hy is die skrywer en medeskrywer van verskeie boeke oor historiese onderwerpe en het, met joernalistieke opleiding tot op graadvlak, oor jare heen verskeie wetenskaplike en 'n groot aantal aktualiteitsartikels in tydskrifte en koerante gepubliseer. Hierbenewens het hy aan etlike aktualiteitsprogramme op radio en televisie deelgeneem en was hy medewerker aan twee groot dokumentêre TV-reekse. Hy het ook oor jare heen wyd navorsing gedoen en historiese data versamel in argiewe en biblioteke oral in Suid-Afrika asook in Brittanje, Nederland, Kanada, die VSA, Nieu-Seeland en Australië. Met hulle Karooplaas as basis, lê Piet hom tans toe op vryskutgeskiedskrywing.

Piet het sy beroepsloopbaan begin as redakteur vir publikasies in die Staatsargief, waarna hy medestigter en hoof was van die Politiek Argief aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (later omskep in die Instituut vir Eietydse Geskiedenis), die argief van die ou Suid-Afrikaanse Rugbyraad (later die SA Rugbyvoetbalunie SARVU) en die PUK-Argief.

VOORWOORD

Die publikasie van *Sages en Legendes en ander lekker stories oor die PUK* volg kort op die hakke van ‘n uitgebreide werk oor die geskiedenis van die Universiteit tot 1951, wat as *Wonderdaad ...! Die PUK tot 1951: wording, vestiging en selfstandigheid* in Maart 2003 vrygestel is. Prof Elize van Eeden en ‘n span medewerkers is in die laaste pylvak met ‘n opvolgwerk vir laasgenoemde, terwyl ‘n tweede volume van *Sages en Legendes* ook reeds in beplanning is.

Met *Sages en Legendes* is gepoog om op lesersvriendelike toon daardie lekker en interessante stories oor die PUK en sy mense uit te lig. Lesers kom onder meer te wete

- * dat prof Dirk Postma, die groot stigter, in sy jong dae ‘n “blikslagersknecht” was, en
- * dat prof JD du Toit (Totius) so byna-byna myningenieur geword het!
- * dat rektor Jan Lion Cachet op aanklag van hoogverraad in die tronk gegooi is,
- * dat rektor Hennie Bingle as student die bekende “visdam”-koshuiskultuur op die PUK-kampus ingelei het toe hy hom, meer as sewentig jaar gelede, vrywilliglik in die hartjie van die winter en uitgedos in sy kisklere, in die visdam laat gooi het – net om ‘n halfkroon (ekwivalent van vandag se 25c) as sakgeld te kry!

Dan is daar ook bydraes oor glorieryke intervarsitiese-oorwinnings, onder meer in die heel eerste botsing met die roemryke Maties in 1942 en oor ‘n sterk gekombineerde span van die beroemde Britse rugbyspelende universiteite Oxford en Cambridge. Enkele hoogtepunte teen aartsopponente Kowsies van Bloemfontein word ook herleef.

Vroeër jare was die kaping van dirigente ‘n gewilde item op die intervarsity-programme. Verskeie van hierdie kapings en amperse kapings word in herinnering geroep, maar die een wat bo alles uittroon, was dié van 1957: Kowsie-dirigent Tampan is per ligte vliegtuig, met aptekerstudent Johann van der Walt agter die stuurstang, onder die neuse van die Kowsies vanaf die Tempe-lughawe tot op Welkom en vandaar met motor na Potch ontvoer.

Die boek bevat ook ‘n groot aantal profiele en geleentheidsketse van PUKKE wat op een of ander tyd en om besondere redes legendes of nuusmakers was. So lees ‘n mens hoedat André P Brink reeds as student groot potensiaal as skrywer openbaar het, is daar bydraes oor “Toy” Dannhauser as “PUK se eie Don Clarke” en Hans van Zyl as “PUK se eie Koos Meyer”, word Johan Claassen voorgestel as ‘n “sieraad vir ons voetbal” en WJ (“Wimpie”) de Klerk as die “pa van verlig en verkramp”.

Daar is nog baie ander, soos byvoorbeeld die “stormvoël op die Bult” uit die twintigerjare, prof AP Duvenage, en “Rabbo” Pasch, daardie “vreeslose en joviale reus” van die dertiger- en veertigerjare. “Die Groot Eensame”, Martha Lugtenburg, die PUK se heel eerste damestudent wat pas na voltooiing van haar studies in 1923 met ‘n perde-trêppie verongeluk het, word as rolmodel gehuldig.

En wat van Vader Dirk Postma, Jan Lion Cachet (met sy beroemde boek oor Sewe Duiwels), Ferdi Postma, “Daantjie Donder” Krüger en Hennie “Klippoog” Bingle. Inderdaad: ‘n hele galery van PUK-persoonlikhede word in hierdie boek voor die geestesoog ontvou.

Die samesteller stap ook saam met verskeie persone uit verskillende eras deur herinneringe se wei, waar elkeen in eie woorde van sy of haar tyd op die PUK vertel. Kostelike stories kom so na vore, in bydraes met die sprekende titels van “Vanselewe”, “Vyftig jaar gelede”, “Onthou jy nog?”, en so meer. In die afdeling “Identiteit en karakter” word onder meer by die tans weer brandende kwessie van die naamsverandering van die PUK, byna tagtig jaar gelede stilgestaan. En is daar ‘n lekkerleesbydrae oor die herkoms van die name van die rugbyspanne “Theos”, “Navy”, “Fires” en die

“Ibbies”.

Nog ‘n afdeling word gewy aan ontgroening, wat so ‘n sentrale plek in die studentelewe van vroeër ingeneem het en wat selfs vandag nog prominent in die nuus is - soos getuig die onlangse woelinge hieroor by die Universiteit van Stellenbosch.

Klagtes hieroor het juis gelei tot daardie dramatiese “begrafnis van ontgroening” in 1937 – lees hiervan, kompleet met foto’s van die begrafnisstoet en die verrigtinge by die vlak “graf” voor die hoofgebou.

Maar ontgroening is soos die spreekwoordelike kat met sewe (selfs meer!) lewens, en sou in die dekades daarna steeds in die kollig bly, soos met die ernstige modderbad-besering van George Gibbens in die vroeë tagtigerjare, wat skynbaar ‘n keerpunt was en tot ‘n baie kalmer en waardiger “Ontvangs- en bekendstellingsweek” gelei het.

Potchefstroom van ouds was ‘n fietsdorp, die PUK ‘n fietsuniversiteit. Die plek en die rol van die fiets aan die PUK kry ook so sydelings aandag, beginnende by ‘n epiese fietstog wat latere kanselier en top-ekonoom Frans du Toit en twee vriende in 1917 deur die Wes-Transvaalse “backveld” onderneem het. En ons maak kennis met die PUK se MBS-e van die dertigerjare ... “Members of the Flying Squad”!

Dan is daar ook nog die stories oor ‘n poedelkaal “Joggom Tieties” wat vir Tant Pellie en Ousus in die gang uit die aarde hardloop, “Groot Frans” de Bruyn se ontworteling van bome met “Prof Bossie” se stootskrapeer en die “Overture tot die eerste bedryf van die “Goldrush”. Miskien heel paslik word ‘n klompie verstrooide professore se eskapades in ‘n slotbydrae aan die klok gehang!

Sages en Legendes en ander lekker stories oor die PUK bevat etlike honderde foto’s wat die verlede sal laat lewe en ongetwyfeld lesersvriendelikheid bevorder.

Soos reeds aangekondig, word ‘n opvolgvolume van ***Sages en Legendes ...*** beplan en is by die keuse van temas en persoonlikhede wat in hierdie eerste volume figureer van geen rang- of meriete-orde gebruik gemaak nie. Die strewe was eerder om balans te bewaar en eventueel twee gelykwaardige publikasies daar te stel. In die seleksie van materiaal is die samesteller bygestaan deur ‘n redaksiekomitee bestaande uit proff. Piet Prinsloo (sameroeper), Annette Combrink, Danie van Wyk en Albert Viljoen en mnr Chris Windell. Prof Viljoen het ook as koördineerder van die projek opgetree.

Personeel van die PUK-Argief en die Ferdinand Postma-Biblioteek het weer, soos in die vorige projek, groot insette gelewer by die verskaffing van data en illustrasie-materiaal. Sonder hulle hulp, en dié van talle ander persone en instansies wat gunstig gereageer het op versoeke om bydraes en inligting, sou hierdie boek nie moontlik gewees het nie.

Les bes, is daar die span medewerkers wat, onder die bekwame leiding van prof Annette Combrink, na die fisiese versorging van die boek omgesien het – en wat alreeds ‘n stewige reputasie opgebou het vir hul deeglikheid en kundigheid: Martie van der Merwe (formatering), Yzelle Viljoen (bladuitleg) en Johann du Toit (drukker). Prof Annette het self na die taalversorging omgesien.

As oud-PUK en steeds-PUK is dit vir my ‘n besondere eer en geleentheid om op hierdie wyse te help verseker dat die mooi en romantiese verhale uit die heldetye (sages) en die stories oor persone aan wie merkwaardige dade of eienskappe toegedig is (legendes), in die annale van die PUK ingegriffel kan word. Verallyn hierdie tyd, waar die ou PUK besig is om so ‘n groot gedaanteverwisseling te ondergaan, is dit nodig dat die sages en legendes en al die ander lekker en interessante stories oor en van die PUK oortel, opgeteken en veilig bewaar sal word.

Piet van der Schyff
Potchefstroom

September 2003

INHOUDSOPGAWE

AFDELING 1 : SAGES EN GEBEURE

1.1 WORTELS, WORDING EN OORLEWING

1.1.1	Proloog	3
1.1.2	“Wie verag die dag van klein dinge ...?”	5
1.1.3	“De Heere heeft ons bewaard!”	8
1.1.4	Van Burgersdorp na Potchefstroom	11
1.1.5	“My doodkry is min!”	16

1.2 UIT HERINNERING SE WEI ...

1.2.1	Proloog	21
1.2.2	“Mij Studiejare, 1883-1895” (Burgersdorp) – JA van Rooy	23
1.2.3	“Vanselewe” (Burgersdorp) – DP du Plessis	26
1.2.4	“Die Teologiese Skool kort na die Vryheidsoorlog” – JJA Coetzee	28
1.2.5	“Begin van die Twintigerjare” – W de K Kruger	30
1.2.6	“Vyftig jaar gelede” (1923) – Sophie Spoelstra	33
1.2.7	“Enkele herinneringe, 1931-1934” – Anna M Kruger	36
1.2.8	“Onthou jy nog?” – Kona d’Assonville en JA van der Walt	39
1.2.9	Van “kollege” na “Universiteit” – VE d’Assonville	41

1.3 IDENTITEIT EN KARAKTER

1.3.1	Proloog	45
1.3.2	“Groenpunt”? Nee, “Die Bult”!	46
1.3.3	Vanwaar “PUK” en “PU vir CHO”?	47
1.3.4	“Verminkte Vaandel” (1921-1951)	51
1.3.5	‘n Kandelaar ... en “In U Lig”	55

1.3.6	Metamorfoses van die PUK-embleem	59
1.3.7	“Alma Mater”	62
1.3.8	‘n Eie stasie ... Cachet!	66
1.3.9	“Theos”, “Navy”, “Fires” ... en die “Ibbies”!	70

1.4 “INSOUT” / ONTGROENING ...

1.4.1	Proloog : oorsprong en vroegste vorme	78
1.4.2	Die “Hof/ Pomp van Hades”	82
1.4.3	Die begrafnis van ontgroening (1937)	87
1.4.4	Ontgroening: Variaq	95

1.5 INTERVARSITY-GLORIE

1.5.1	Proloog: Die “Theos”-sage (1893 -)	108
1.5.2	Eerste ontmoeting ... klop die Maties! (1942)	112
1.5.3	“Jongste universiteit ... verslaan die oudste” (1951)	115
1.5.4	Die “Steenkamp-faktor” (1956/1957)	118
1.5.5	“UOVS se harde neut gekraak” (1961)	121
1.5.6	Wenners Ted Scales-trofee (1973)	123
1.5.7	Klop “beste Kovsiespan van alle tye” (1977)	125
1.5.8	“Wegholoorwinning na 5 jaar” (RAU, 1983)	128
1.5.9	“Shimlas na ses jaar weer getem” (1983)	131

1.6 INTERVARSITIES : DIRIGENT-KAPINGS

1.6.1	Proloog” “Dis oorlog, man!”	134
1.6.2	Koeries van Kovsies (1948)	135
1.6.3	Aspirant-predikant ... op ‘n Sondagaand! (1950)	137
1.6.4	Voordewind-kaping kry wind van voor (1951)	138
1.6.5	“Oom Tampan, hulle het ons!” (1957)	141
1.6.6	Hans van Zyl in Kovsieland (1961)	144
1.6.7	“Bakkies van Wyk gevang” (1964)	146

1.7. PER FIETS ... OF TE VOET!

1.7.1	Proloog	149
1.7.2	“Deur Westelike Transvaal, op ‘n wiel” (1919)	150
1.7.3	“Members of the flying squad” (MFS), 30-er jare	154
1.7.4	“Walvisbaai na Beira - per fiets!” (1969)	156
1.7.5	Fietse help Bybels versprei (1973)	157
1.7.6	“Toer met fietse vir SANRA”	158
1.7.7	“PUKKE ry weer fiets ... en spaar petrol!” (1974)	160
1.7.8	“Groot droefheid oor ‘ou dikwiel” (1976)	162
1.7.9	Duif “wen” harte ... met “onvergeetlike ervaring” (1983)	163

AFDELING 2 : LEGENDES EN PERSOONLIKHEDE

2.1	Dirk Postma: Van “Blikslagersknecht” tot professor en rektor	169
2.2	Jan Lion Cachet: Bekeerde Jood word “Regte Afrikaner”	171
2.3	Ferdinand Postma: “Die regte man, op die regte tyd!”	183
2.4	“Totius” : Myningenieur? ... Néé, “Onze Dichter”, professor en kanselier	187
2.5	“Ou Kampies” (professor Jan Kamp)	191
2.6	“Stormvoël op die Bult” (professor APC Duvenage)	195
2.7	Martha Lugtenburg: PUK se eerste damestudent	199
2.8	“Rabbo” Pasch : Vreeslose en joviale reus	203
2.9	DW (“Daantjie Donder”) Krüger	207
2.10	HJ (Hennie “Klipoog”) Bingle	211
2.11	WJ (“Wimpie”) de Klerk: “Pa van verlig en verkramp”	215
2.12	“Dankie Tjaart!” (Tjaart van der Walt)	217
2.13	André P Brink: “Die begin van veel groter dinge”	221
2.14	Johan Claassen: “ ‘n Sieraad vir ons voetbal”	227
2.15	Hans van Zyl: PUK se eie “Koos Meyer”	229
2.16	“Toy” Dannhauser: PUK se eie “Don Clarke”	233
2.17	FW de Klerk: PUK se Nobel Vredespryswenner	237

AFDELING 3 : ANDER LEKKER STORIES

3.1	“Geagte Rektor, Dit spyt my baie ...”	245
3.2	Sleep-stories	247
3.3	“Gaipianisme” aan die PUK (laat dertigerjare)	257
3.4	Visdam- en watervoorstories	261
3.5	Spokery in die militêre begraafplaas	269
3.6	“Die klankgrens en die gebreekte broek”	271
3.7	“Die oudstudente op hulle mouterbaaiks”	272
3.8	Die “Uitspan Baaisiekel Hênnikêp” (1956)	273
3.9	“Groot Frans” en “Prof Bossie” se drot (stootskraper)	274
3.10	Plattelandse fondswerwing en studentewerwing	277
3.11	Koue water vir dr Kaunda!	282
3.12	Agter ‘n gordyn, en “In Absentia”!	286
3.13	Verstrooide professore ...	288